Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2022-04-08

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 11/2022

COVID-19-protokolle

Protokolle: Soos die regering nasionale protokolle verander raak dit ook skole. Ons leerders word nie meer in die oggende aan Covid-19 sifting (temperatuur / rekordering van simptome) blootgestel nie. Die onus bly egter op ouers / leerders om die skool in te lig indien ‘n leerder enige COVID-19 simptome toon. Sulke leerders moet nie skool toe kom nie, maar getoets word en/of ‘n geneesheer raadpleeg. Die dra van maskers in publieke plekke (soos skole) bly egter steeds verpligtend. Die praktyk van hande was en saniteer is ook steeds van toepassing.

AKADEMIE

Leerderafwesigheid: Ouers moet nie onnodig hul kinders by die huis te hou nie. U kind mis geweldig baie werk indien hy/sy nie by die skool is nie. Leerders wat afwesig is van skool, bly daarvoor verantwoordelik om self seker te maak dat alle werk wat gemis is in gehaal word.

Toetsroosters- en afbakening: Elke leerder (Gr. 4-7) het reeds hierdie kwartaal se roosters ontvang. Kontak asb. u kind se registeronderwyser indien u dit nie ontvang het nie.

Eksamen (Gr. 4-7): Die eksamen begin op 1 Junie en eindig op 15 Junie. Daar sal vanaf 20 tot 24 Junie met die normale akademiese rooster voortgegaan word.

SPORT

SA Atletiek kampioenskappe (Potchefstroom, 24-26 Maart): Hanna Ferreira (o/10D) – behaal 9de plek (Hoogspring) en Jon-Daniel Witbooi (o/12S) – behaal 11de plek in Verspring.

Skaak: ‘n Vriendelike beroep op enige ouer wat kan help met die afrigting van skaak aan ons leerders om asseblief met ons in aanraking te kom. Skakel die Fasehoof: Sport (0839797166).

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Buitemuurse-rooster: Alle aktiwiteite op die rooster hervat weer op Maandag 11 April.

Kouga Rugby: The following players were selected to reptresent th eKouga Rugby Team at the EP Sub Union Tournament: Reghardt Conradie, Qobo Hulana, Ezra Karolisin, Katleho Khomo and WWJ Spangenberg.

KULTUUR

Interklasredenaars (22 April): Die formaat asook rubriek vir n redenaarstoespraak is in ‘n vorige nuusbrief van 26 Jan 2022 uiteengesit. Die inligting is ook beskikbaar op D6.

Despatch Kunsfees (3-5 Mei). Verskeie van ons leerders neem aan hierdie kunsfees deel. Leerders neem deel aan musiek, kuns, voordrag, fotografie en dans.

ALGEMEEN

Strandstap: Die strandstap sal nou plaasvind oop *Dinsdag 12 April*. Baie dankie aan al ons leerders wat geld hiervoor ingesamel het. Ons het R 51 203 ingesamel.

Busboekies: Alle boekies en die R 400 moet nou aan die skool terugbesorg word. Die trekking vind plaas op Maandag 25 April tydens ons saalbyeenkoms.

Speletjiesdag: Om die skool se verjaarsdag te vier hou ons elke jaar in April-maand ons speletjiesdag. Vanjaar word die speletjiesdag op Vrydag 29 April gehou. Ouers is welkom om by te woon en leerders verdaag om 12:00.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF